



Sid Coleman Foto: Pierre Crocquet de Rosemond

Gewoonlik seek manlike slagoffers van seksuele geweld eers hulp wanneer niks – nie dwelms, drank of seks – meer die pyn kan verdoof nie. **Louise Ferreira** het die bekendstelling van ’n stigting bygewoon wat sulke mans wil ondersteun.

Ontmagtig, on

Hoe ons begrip van manlikheid mans seermaak

Rees Mann was baie jonk toe ’n familielid hom betas het. Dit was sy eerste ervaring van seksuele misbruik.

Die tweede keer was op ’n sokker-toer toe hy 13 was en die afrigter hulle toegelaat het om te maak wat hulle wil. Hy het hopeloos dronk geraak en in sy hotelkamer wakker geword met ’n spanmaat wat hom molesteer.

Die derde keer was op hoërskool, ’n klein seunskool, waar hy Afrikaans deurgeskraap het danksy die onderwyser wat ook sy rugby-afrigter was. Die *nice* onderwyser, die een wat sy ouers oorgehaal het. Die gawe, behulp same onnie wat eers net sy hand op Rees se been gesit het.

Rees het ’n ereksie gekry en hy het verskriklik skuldig gevoel omdat hy nie kon verstaan of hy dit toegelaat het nie.

Dit was ’n seunskool. Wie sou hom dan glo?

“Ek het begin wonder of daar iets op my voorkop geskryf staan.”

Rees staan sonder ’n mikrofoon langs die podium. Hy praat vinnig, struikel oor sy woorde, sluk hulle in.

Ná skool is hy lugmag toe. Grens toe, in Namibië.

“Ek is hipersensitief oor my omgewing, en ek kon dit nie hanteer nie. Ek het opmerkings gemaak om mense kwaad te maak.”

Hy het dronk geraak een aand en toe het ’n bende medesoldate hom verkrag. Hy kon dit nie aanmeld nie, sien, want dit sou die staat ondermyn.

Hy het in die storte gesit, daar in Namibië, ure en ure en ure, totdat hy opgehou bloei het.

“Tot op 39 het ek gemaak of niks fout is nie.”

Klem op mans wat moet sterk wees

Ons sit in ’n groot lesinglokaal van die Gordon Institute of Business Science in Illovo, Johannesburg. Dis dag twee van ’n simposium oor manlike slagoffers van seksuele geweld, en die bekendstelling van Rees se stigting, South African Male Survivors of Sexual Abuse (Samsosa).

Hier is maatskaplike werkers, dokters, navorsers, aktiviste, regeringsamptenare. En ’n handvol *survivors*.

Ons moes al 08:30 begin het, maar iewers was daar ’n oponthoud. Ek blaai deur die grys, wit en swart brosjure, met Samsosa se leuse voorop: “Victim. Survivor. Thriver”.

Baie van die beskikbare dienste vir slagoffers van seksuele geweld is net op vroue gemik, lees ek, soveel so dat dit die wanopvatting versterk dat mans nie verkrag word nie.

Die oorgrote meerderheid manlike slagoffers meld dit nooit aan nie, deels weens ’n gebrek aan bewustheid, maar ook die gebrek aan ondersteuningsdienste. Dis waar Rees se Samsosa ’n verskil wil maak.

Luke Lamprecht van die Joburg Child Advocacy Forum verwelkom ons op die kop 09:00. Hy werk al ’n paar dekades met slagoffers van verkragting en misbruik. Rees se sielkundige, hoor ons later, het hulle twee aan mekaar voorgestel, en toe Rees vyf jaar gelede besluit het hy wil ’n organisasie stig om ander manlike slagoffers te help, het hy na Luke gegaan.

Nee, het Luke gesê, jy’s nog nie reg nie. Wag eers.

Twee jaar gelede was dit dieselfde storie. Nog nie. Wag.

Toe, begin van dié jaar, het hulle besluit: Nôú is die tyd reg.

“Hoe definieer ons manwees?” vra



Rees Mann was vier maal ’n slagoffer van seksuele geweld. Daarom het hy die South African Male Survivors of Sexual Abuse stigting gestig.

Luke, wat vandag se besprekings lei. Hy dra ’n oorbel, hare poenskop geskeer, beduie met sy hande. Sy stem is driftig; hy wêet waarvan hy praat.

“Hoekom sal ons ’n negatiewe persepsie hê van mans wat seksueel misbruik word?” Dan antwoord hy sy vraag: “Omdat ons wil hê mans moet die beskermers wees.”

Rees vertel sy storie. Twee sielkundiges gee agtergrond. Tydens teetyd bespied ek Lisa Vetten in ’n hoek van die vertrek. Sy is ’n bekende navorser op die terrein van seksuele en geslagsgeweld.

“Ons fokus op vroulike slagoffers, maar ons doen dit op ’n manier wat baie ontmagtigend is. Ons fokus op weerloosheid.

“Volgens die manier waarop gender in Suid-Afrika gekonstrueer is, kan mans nooit slagoffers wees nie.”

Ons idee van die “ware man”, ’n baie spesifieke vorm van manlikheid, plaas die klem op mans wat moet sterk wees.

“Wanneer hulle geviktimizeer word, wat doen dit aan hul begrip van hul manlikheid? Hoe gaan jou gesin, jou kinders, jou beskou? Hoe hou dit verband met jou seksuele oriëntasie?” sê Lisa.

“As vroue swak en weerloos is, en jy is swak en weerloos, dan is jy per definisie ’n vrou.”

Daar kort baie navorsing oor mans se ervaring van seksuele geweld, gaan Lisa voort. Een van die proble-

me is dat die polisie nie genoeg statistieke tot op hede versamel het vir mans en vroue.

Uit gevalle van seksuele geweld in 2011-’12 by die Suid-Afrikaanse Polisie, was 19,4% van die slagoffers mans.

“Beleidsmakers moet dit groot syfers om te maak, dig,” verduidelik hy.

Deel van tronkbezoekers

Waar die viktimizeerde bestudeer word, in sekere omgewings, mynkampe, onder andere nie verteenwoordig as geheel nie te bestudeer.



Matthew Foto: Nelius Rademan

'n Vyfde van verkrachtingslagoffers

Die Wysigingswet op Seksuele Oortredings van 2007 onderskei nie tussen die geslagte nie. Enige vorm van seksuele penetrasie sonder toestemming is verkragting. Seksuele geweld is enige vorm van seksuele kontak sonder iemand se toestemming. Dit kan aanraking, masturbasie van een persoon deur 'n ander, orale en anale seks en selfs soen insluit. Uit gevalle van seksuele geweld wat in 2011-'12 by die polisie aangemeld is, was amper 'n vyfde van die volwasse slagoffers mans. Dié syfer kan egter baie hoër wees omdat mans glo nóg minder geneig is as vroue om dit aan te meld. 'n Studie in Brittanje het bevind een uit elke ses mans is 'n slagoffer van verkragting of seksuele aanranding. Gevalle waar vroue mans verkrag, is baie seldsaam en gebeur gewoonlik as die slagoffer dronk of bedwelm is (date rape). Net omdat 'n man 'n ereksie kry, beteken nie noodwendig hy wil seks hê nie; dit is 'n fisiologiese reaksie. Vroue-oortreders fokus gewoonlik op kinders en tienerseuns, maar die meeste oortreders is steeds mans. Mans wat ander mans verkrag, is nie noodwendig gay nie. Verkragting gaan oor mag, nie seks nie. Seksuele geweld is nooit die slagoffer se skuld nie. Kontak Samsosa by 071 280 9918 of www.samsosa.org.

tmens, ontman



buse (Samsosa) gestig om ander soos hy te help. Foto: Nelius Rademan

e verkragting- nie tussen kei het nie. le geweld wat ie aangemeld volwasse slag- vir jou sê jy kort ves te regver-

Tronkvoëls is nie 'n tipiese groep nie, maar hulle is 'n *captive audience*. Jy moet op 'n sekere manier praat, 'n sekere soort persoon wees, voor jy geglo sal word, voeg Lisa by. “Dis die moeilikheid wat gevanges teëkom: Mense hóú nie van gevanges nie.” Emily Keehn, 'n regsgeleerde van die Sonke Gender Justice Network, is volgende aan die beurt om oor tronkverkragting te praat. Ons gebruik tronke as 'n stortings-terrein vir mense wat ons haat en vrees, sê sy. Verkragting word gesien as “deel van die tronkervaring”. Dink maar

aan die omstrede “Pappa wag vir jou”-advertensies. Seksuele geweld is deel van die tronkbendes se hiërargie, verduidelik Emily. Misdadigers met meer mag neem swakker gevangenes as hul “tronkvroue”. “Die ‘wyfies’ word behandel asof hulle vroue is. Die tronk is 'n geweldig homofobiese omgewing en dié ‘huwelike’ boots heteroseksuele verhoudings buite die tronk na. Dit maak verkragting onsigbaar. “Wanneer jy soos 'n dier in 'n hok behandel word, begin jy soos een optree. Mense leer gedrag aan in die tronk. Hulle word getraumatiseer en dié ervarings vorm hul idee van seksualiteit.” Manlikheid in die tronk word deur geweld gedefinieer. “*Real men can't be raped. A real man would die fighting rather than be raped.*” Tronkbewaarders en -owerhede is oorwegend onsimpatiek, en sommige selfs aandadig aan die geweldpleging teenoor gevangenes. Emily vertel van gevalle waar nuwe gevangenes aan geharde mans oorhandig is met die woorde: “Hier's die gemors.”

‘Die pyn was ongelooflik’ Dié oggend, nog voor ons begin, noem 'n laaitie my “*ma'am*” toe hy vra of hy by die lessenaar langs my mag sit. Natuurlik, sê ek, en skuif my boeke opsy. Sy naam is Matthew. Hy is 18 en hy's 'n *survivor*. Kan ek met hom gesels, sommerk later tydens middagete? Enige tyd, maar ek moenie sy van of die naam van sy ou skool noem nie, asseblief, die ander ouens weet nie. Matthew was verlede jaar in matriek. In gr. 8, toe hy koshuis toe is, was hy sommerk 'n tjokkertjie. Maar grootbek, hoor, en baie van die ouens het nie daarvan gehou nie. “In gr. 9 het een van hulle my op Mxit genader en gevra of ek met hom sal seks hê.” Hy was stomgeslaan, het nee gesê. Maar die klasmaat, 'n rugbyspeler,

groot ou, het gesê hy sal sorg dat die ander ophou om Matthew te boelie. Matthew praat duidelik, vertel vin-nig, sonder huiwering, selfs toe 'n groep sakemanne agter ons verby-loop. Sy regterhand tik-tik-tik op sy knie. Die eerste keer was dit net 'n gevat, maar van daar het dit toegeneem. En toe begin die afpersing. “Hy sou my in die nag met geweld uit my bed uit ruk. Eenkeer het ek my kop teen die wasbak gekap, ligte uit, en ek het wakker geword met hom wat my verkrag. Die pyn was ongelooflik. “In gr. 10 het dit minder gebeur en ek het gedog dit gaan ophou, maar in gr. 11 het dit weer begin. Drie weke voor my laaste eksamens, dit was 'n Vrydagmiddag, het ek my pa gebel om my te kom haal. Ek het nie gesê hoekom nie en ons het erg baklei, maar ek het nooit teruggegaan kos-huis toe nie.” Matthew het dikwels nagmerries gehad en hier in die tyd tussen gr. 11 en gr. 12 is hy eendag na sy ma. Tik-tik-tik. “Ek het 'n drukkie nodig gehad, en toe val ek uitmekaar. Als het uitgek-om.” Dit het lank gevat voor hy sy pa kon vertel. “Ek het geweet hy sal verskriklik seergemaak voel omdat ek hom nie vertrou het nie, en ek was reg.” Hy het die seun vergewe, noem Matthew. Self na hom toe gegaan en dit vir hom gesê. Hy het nodig gehad om sy mag terug te vat. “Ek het dit soveel keer in my kop gedoen, maar dit het niks beteken tot-dat ek dit self gaan doen het nie. “Aan die begin van die jaar het ek besef hoërskool gaan nooit weer deel wees van my lewe nie. Ek het gedink f*k dit, ek gaan gelukkig wees.” Matthew wil hê ander mans moet weet hulle is nie alleen nie. Dis hoe- kom hy praat. “Jy sal ondersteuning vind. Glo in jouself.”

As drank, dwelms en seks nie werk nie Vir slagoffers gaan dit oor wat ná die tyd gebeur. Sid Coleman is die laaste spreker voor Luke die bespreking oopgooi vir kommentaar. Hy was sewe jaar in terapie en het in 'n stadion probeer selfmoord pleeg. Hy is as kind herhaaldelik deur twee priesters by sy Katolieke

skool gemolesteer. “Vir my was die grootste verligting toe die pedofiel my in 'n hof om verskoning gevra het. Hy het dit jare lank ontken. My ouers het dit ontken. “Die eerste keer toe ek iets gesê het, het my ma my gedwing om die priester om verskoning te gaan vra vir my leuens. “Om 'n *survivor* te kan wees, moet jy eers 'n slagoffer wees.” Matthew is 'n ongewone geval omdat hy op so 'n jong ouderdom reeds praat en hulp soek, sê Mike Lew, 'n Amerikaanse sielkundige wat weg-breke vir slagoffers aanbied. Hy het vroeër kortliks gepraat oor sy ervarings met slagoffers en akti-viste en neem nou deel aan die bespreking. “Volwasse mans gaan nie vir tera-pie omdat dit teoreties sin maak nie, maar omdat niks anders werk nie en hulle steeds in pyn is. “Mans in hul tiener- en twintiger-jare neig na drank en dwelms en seks om hul pyn te probeer verdoof. “Hulle sien simpatie as jammerhartigheid, wat hulle net nog meer soos 'n swakkeling laat voel.” As 'n slagoffer jou in hul vertroue neem, sê Luke, is dit 'n eer. “Jy loop op heilige grond. Wees versigtig.” Die bespreking keer weer en weer terug na hoe ons begrip van manlikheid mans seermaak. 'n Maatskaplike werker steek sy hand op vir 'n spreekbeurt. “Ons kultuur moedig mans aan om waardig te bly. Om sterk te wees. Jy is 'n man, niks meer nie.” Nog 'n maatskaplike werker haal die woorde aan van 'n jong Mosambiekse immigrant wat deur 'n bende verkrag is: “Hoe gaan ek 'n man wees as ek vir my vrou sê ek is verkrag?” Die stemme raak 'n koor: Tussen al die navorsing wat kort en die beleids-veranderings wat gemaak moet word, moet ons ook óns idee van manlikheid herdefinieer. Hier's die gemors. *Real men don't get raped.* 'n Hand wat tik-tik-tik op 'n knie. Ure en ure en ure in die stort by die Grens tot die bloed ophou. Versigtig nou. Jy loop op heilige grond. ● Louise is 'n nagraadse student in Engelse literatuur aan die Universiteit van die Witwatersrand. In 'n ander lewe sou sy graag 'n sielkundige wou wees.

“Hoekom sal ons 'n negatiewe persepsie hê van mans wat seksueel misbruik word?” Dan antwoord hy sy vraag: “Omdat ons wil hê mans moet die beskermers wees.”